

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 27 Augustus 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens en Nagmaal

Vandag se erediens: prediking deur pastor Gordon Calmeyer en ds Stephan Briel sal die Nagmaal bedien

Solus Christus!

Omgee:

- Stella Calmeyer en Merridy se moeder is Woensdagaand oorlede.
- Neels Beyleveldt het 'n hartaanval gehad en was opgeneem in Flora Kliniek. Hy is Woensdag ontslaan en sterk tans tuis aan.
- Sue Venter is beter en sterk tans tuis aan.
- Rena Tromp verhuis môre na 'n aftree-oord in Pretoria.
- Lunette Moolman se pa is ernstig siek met longontsteking.
- Pieter de Klerk se ma is opgeneem in Wilgeheuwel hospitaal.
- Ella Botha se suster het 'n longoperasie ondergaan.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☀...

- Ons vier vandag **Nagmaal**.
- Die **kerkraad vergader** DV Dinsdag, 29 Augustus om 19:00 in die kuierkamer.
- Ons gaan vandag verder met 'n **40 dae reeks “Vreugdevol Vry”** wat handel oor die 5 Solas van die Reformasie. Elke week gaan ons 'n Sola hanteer in die preek, Bybelstudie en dagstukkies vir die week.
- Vandag kyk ons na **“Solus Christus” (Christus alleen)**. Op grond van die preek is daar dan ook verskeie kleingroep byeenkomste wat handel oor “Christus alleen”.
- **Oorwinnaars vir Finansies** word beplan vir 8-9 September. Besprekings kan by Celéste (082 372 8684) gedoen word.
- **Gemeente-toerusting** vanmiddag om 17h30 in die kerkgebou. Ons behandel week 9 (Negatiewe geestelike invloed van ons voorouers teenoor die seën van ons voorouers) van “Oorwinnaars Dag vir Dag”.
- Die **Hoërskool kategese** vind ook plaas om 17h30.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Dankie-sê briewe** vir tiendes wat verlede jaar (2016) gegee is, is by Elma agter in die kerk beskikbaar.
- **Databasis:** stuur jou naam en die vaardighede waarmee jy diensbaar kan wees, asook jou beroep vir die kerkkantoor: kantoor@bergbron.org.za. Indien jy nie e-pos het nie, kan jy dit per whatsapp stuur na **Fanie Olivier** by 079 710 2344
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag is dit Nagmaal, en almal is genooi vir die gemeente-ete. Volgende Sondag skink Groep 4, Martie, Welna en Michelle.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

TEELEPELETE na NAGMAAL

Waar ons as gemeente vandag die wonderlike gemeenskap en troos van ons Here se Nagmaal beleef, wil ons hierdie saamwees verder voortsit deur direk na die diens in die saal saam te eet, en die Susters nooi almal hartlik uit na ons teelepelete

Gebed

- ☞ ONTHOU ASB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**
Sondagoggende is daargeleentheidvir ALLE lidmateomsaamtebidvir die twee eredienstesookgemeente-aktiwiteite.

Ons het die afgelope weke die 14 Notas asook Ware vreugde versus Wêreldse vreugde met julle gedeel. Die laaste deel het gegaan oor 'n lewe onder God se leiding en die 7 stappe wat kan bydra om jou hiermee te help.

Nou gaan ons dieper delf - “ om te **laat los** en laat God...”

Ek neem aan, net soos ek, wil julle meer weet van **laat los** omdat julle ook van iets

ontslae wil raak en **laat los!**

Daar is drie dinge wat jy in ag moet neem wanneer jy **laat los**.

- Om jouself te oefen om **stil** te word, weg van 'n gewoel en gewerkskaf. God praat met ons in stilte. (Silence is not the absence of sound but the absence of noise)
- Om in te oefen en te weet dat jy **aanvaar** is.
- Om voortdurend vir jouself te sê jy moet **vertrou**.

Van my kant af wil ek graag in die volgende drie weke vir julle vertel en noem wat vir my werk.

Wat myself betref het ek baie geleer en agtergekom om te **laat los** is 'n proses.)

Hoekom sê ek so? Uit ons leerskool in wat ons **glo** van ons *kultuur, ons gesin, vriende en ons geloofsoortuiging* is baie diep gewortel. Om die waarheid te sê baie van die dinge is nie die waarheid nie! Jesus sê in Joh. 8:32 “*en julle sal begryp wat die waarheid beteken, en die waarheid sal julle vrymaak*” Die waarheid is - jy is 'n nuutgemaakte, geliefde kind van God met unieke talente en gawes om met die wêreld te deel. Daarom moes ek my verlede en gewoontes **laat los'**

Dit bring ons by die 1ste – **Laat los** en kweek 'n patroon aan om jou beste tyd vir God te gee. L.W. *Moenie tyd maak vir God in jou besige program nie. Nee bou jou besige program heen om tyd te maak vir God.* God vra nie vir jou om aktief iets te doen as jy by Hom stil raak nie. Hy vra en waardeer jou **tyd maak** om by Hom te wees. Onthou die wêreld roep jou om besig te wees, God roep jou om stil te wees. Ons kan nie ons probleem hanteer sonder om aandag daaraan te gee nie. Kry vir jou 'n joernaal of 'n stuk papier en skryf neer wat die probleem is en hoe jy daarvoor voel. Die handeling om dit in jou eie woorde neer te skryf is regtig kragtig. As dit bv. gaan oor 'n gebeurtenis, skryf alles so vinnig as wat jy dit kan onthou neer. Onthou dit wat jy neerskryf is vir jou alleen bedoel. Moet dus nie bekommerd wees oor spelling of sinsverband nie. Wees net eerlik. Hou vas aan dit wat jou wil aftrek. Met die metode kom alles los. In jou stil wees gaan kyk wat jy neergeskryf het as 'n waarnemer en nie as 'n regter of 'n slagoffer nie! Kan jy dit raak sien, verstaan en maak dit vir jou sin? Onthou die waarheid sal jou vrymaak. So terloops, as dit wat jy neergeskryf het jou ongemaklik laat voel, skeur dit op en gooi dit weg! **Laat los!**

Gebed: Here onse God,

Op hierdie oomblik **laat los** ek al my gedagtes en dinge waarvoor ek bekommer is.

Wanneer ek **laat los**, is ek in staat om te ontvang

Wanneer my hande vas geklem is in 'n vuig, kan ek nie my hande oopmaak om te ontvang nie.

Wanneer ek my hart en gees toemaak, kan ek nie U seën ontvang nie.

Here ek **laat los** om U seën te ontvang.

Help my om my vrees te **los** en in plek daarvan mag ek bemoediging en liefde ervaar.

Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul 'n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

Lekker verjaar ...! Verjaardae vandag en in die week:

29/08 ZANE WILLIAMS 079 508 1881

02/09 MAUREEN MOOKI 073 158 7361

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 065 396 8320

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Vrydae tussen 09:00 en 13:00. Maak 'n afspraak tel. 011 673 9705 of
072 651 8286 kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Francois Kruger 082 777 0632

Ouderlinge: Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036;
Fanie Olivier 079 710 2344; Charl Truter 071 484 0132; Willie Volschenk 082 777
7734.

ISRAELTOER 9-20 DESEMBER

JERUSALEM, DIE SEE VAN GALILEA, DIE DOOIE SEE, MASADA, NASARET,
BETLEHEM, JERIGO, GOLGOTA, DIE TUINGRAF EN VELE MEER!

KONTAK DR MALAN VAN RHYN – 082 858 0538

mvanrhyn@telkomsa.net